Isébel Godsdiens

Laat ons net ’n oomblik bly staan, terwyl ons God dank vir hierdie. Laat ons ons hoofde buig.

Genadige en Heilige Vader, God, ons is so bly dat U ’n—’n God is, en ’n baie teenswoordige hulp in die tyd van probleme. Ons dank U vir wat U vir ons gedoen het. Ons kan nie uitdruk, uit ons harte, hoe ons hierdie waardeer, en hoe U tot ons redding kom wanneer ons probleme het. Ons het geleer, deur die jare, om U te vertrou en U te glo.

En ek bid, vanmiddag, Here, dat U U seëninge op hierdie mense sal uitstort. Mag daar nie ’n siek persoon in ons midde wees wanneer hierdie diens beëindig word nie. As daar een hierbinne sou wees wat nie reg is met God nie, mag die krag wat Jesus uit die dood opgewek het, hulle sterflike liggame opwek, Here, en hulle siel, en hulle na U draai. Skenk dit, Here. Diegene sonder die Heilige Gees, mag hierdie die een groot dag wees wat hulle nooit sal vergeet nie, want mag dit die dag wees dat God Sy Gees op hulle uitstort. Skenk dit, Here. Vergewe ons sonde.

Ons sou bid dat U Broer Sullivan sal seën, ons genadige en dierbare vriend, en sy gedagtes vir die mense, en te probeer om hulle elke moontlikheid te bring wat hy kan, om hulle te help. Ek bid dat U Broer Sullivan sal seën.

Seën die predikers deur die land, oral. Gee aan hulle die buitegewoon oorvloedige, Here. Mag hulle dapper in die preekstoel staan en die Woord van God verkondig, want ons lewe in die sluitingsure van die geskiedenis van hierdie wêreld. Laat U goedheid ons oorskadu in hierdie tye. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Mag maar sit.

Ek is so dankbaar teenoor julle mense, en teenoor God, hiervoor. Broer Sullivan het dit op homself geneem. Sien julle, dit sou nie reg vir Broer Sullivan wees om dit te doen nie, so ons was ingerig om daarvoor gereed te maak. Ons bedank julle vir julle goedheid.

2 En, nou, vir die—die liefdesoffer, dit . . . julle hoef dit nie te gedoen het nie. Nee, dit was nie nodig nie. Sien, net . . . hulle betaal die onkoste, die hotel en die kos, wat ons gehad het, en dis net al wat nodig was. Maar baie hartlike dank, en dit sal gaan om sendingwerk te help en mense na God te bring. Daar sal nie enige sigarette daarmee gekoop word, enige whisky nie, niks wat verkeerd is nie, dit sal vir die regte ding gaan. En ek bid dat God dit daarbo op julle rekening sal plaas, en dit met

tienduisend vermenigvuldig, elke dollar, of—of pennie, of nikkel wat julle teenoor hierdie diens gegee het.

3 En, nou, wil ek die Verenigde State se Leër bedank om vir ons hierdie gebou te gegee het om in te sit, om hierdie dienste te hou. Ek bedank hulle sekerlik met my hele hart.

4 En soos ek verstaan, het Broer Sullivan gesê alles sou dadelik voor betaal word. Ons het nog nie 'n stad verlaat en een sent geskuld nie, maar wat alles voor onderneem is nie; ons glo net nie in enigiets anders nie. Jy moet niemand iets skuld nie, jy moet eerlik en opreg wees. En as jy iemand iets skuld, gaan sien hulle en sê hulle dat julle hulle skuld, maar om julle net 'n bietjie tyd te gee, en julle sal daarvoor betaal. Sien? Altyd, is dit 'n beter . . . Dis 'n goeie teken van Christenskap: om eerlik, opreg te wees.

5 Jy wil net uitleef waarvan jy praat. As jy dit self nie uitleef nie, hoe kan jy van iemand anders verwag om dit te lewe, sien julle. So, julle is geskrewe briewe, deur alle mense gelees, so wees altyd eerlik, regverdig, waar. Praat die waarheid, ongeag hoe erg dit iets seermaak. Praat die waarheid, in elk geval, want jy kan dit altyd op dieselfde manier vertel, elke keer. En as jy 'n leuen vertel, sou jy 'n miljoen myl daarom moet gaan, en jy moet nog steeds weer na daardie leuen toe terugkom; en het jy net 'n vreeslike ding gedoen. Wees net eerlik, en jy kan dit altyd op dieselfde manier vertel, want dis die waarheid.

6 Dis hoe dit met die Bybel is. Sê dit net soos die Bybel dit sê, moenie toegee daarop nie, sê dit net so, net . . . dit staan net hier geskryf en—en jy kan jou vinger daarna wys. Dis—dis . . . dis hoe jy Satan verslaan. Satan het vir Jesus gesê: "As U die Seun van God is, laat ons Jou 'n wonderwerk sien doen. Hulle sê Jy's 'n 'wonderwerk bewerker.' Verander hierdie klippe in brood, en laat ons sien. Jy is honger."

7 Hy het gesê: "Maar daar staan geskrywe: die Mens sal nie van brood alleen lewe nie." Sien? Hy het die Vader se Woord geneem en die duiwel, daar op sy eie grond, verslaan. So jy kan dieselfde ding doen, die duiwel op sy grond, met die Woord van die Here verslaan.

8 Dan sal ek altyd dankbaar wees teenoor Broer Sullivan. Dit is . . . Verskoon die uitdrukking: Ek dink toe hulle Broer Sullivan gemaak het dat Hy net die patroon weggegooi het. Daar is niemand soos hy nie. Daar is net een man wat ek ooit in my lewe ontmoet het, wat my aan Broer Sullivan herinner het, dit was E. Howard Cadle. Ek weet nie of hy hom ooit geken het of nie, van die—van . . . Broer Cadle was net 'n goeie ou plattelandse kêrel soos Broer Sullivan. En hy sou sy hande diep in sy sakke steek, so ver dat sy kruisbande ver afgetrek is, en met sy kop skeef praat, en hy was net een E. Howard Cadle. En so is ek—is ek so bly om Broer Sullivan as 'n vriend en broer in die Evangelie te hê. En ek

bid dat God hom sal seën en sy klein kerkie hierbo, sy kosbare vrou, sy geliefdes.

9 En aan julle, die ander predikers wat hier is, aan julle en julle gemeente, Volle Evangelie predikers, op klein tegniese dingetjies van die Skrif mag ons van mekaar verskil. Ek verskil van my vrou oor sekere dinge. En weet julle waaroor dit is? Sy hou van appeltert en ek hou van kersie, so ons verskil. En ek sê julle wat ek met myne doen: Ek hou van 'n groot warm stuk kersietert (ek sou net nou daarvan hou) en gooi botter bo-oor, en gooi dan molasse daaroor; en broer, jy het iets wat die moeite werd is om te eet! My vrou is bang daarvoor. Ek dink sy is bang vir die kalorieë. Sy kan dalk daarvan hou, maar julle weet hoe die vroue is, hulle is bang. . . Hulle raak so maer, jy kan hulle met 'n speld steek en hulle tot die been sny, en tog wil hulle—wil hulle maerder word. Dis hulle natuur, skat ek, so daar is. . . En, maar ek hou daarvan. Nou, ons verskil daaroor, ander dinge is in orde. Maar, julle sien, ons is nie volkome in ooreenstemming nie. So ons sou dieselfde ding sien, broers, maar die hoofsaak, ons eet tert, dis die hoofsaak.

10 Hoofsaaklik, oor die doop van die Heilige Gees, en die koms van Christus, en die groot evangeliese, fundamentele doktrienes van die Bybel, staan ons sekerlik arm-in-arm daarmee. Soos een groot verenigde broers, sonder 'n denominasionele versperring, sonder enigiets om ons te hinder, marsjeer ons saam na Gólgota soos een groot leër.

11 As ek ooit van enige hulp vir julle kan wees, sal ek bly wees om dit te doen. En ek is seker julle sal dieselfde ding vir my sê. En julle kan 'n hulp wees vir my. En dis een ding wat julle kan doen, wat ek weet, is om vir my te bid, dat God my nooit sal laat verkeerd gaan nie. Ek—ek—ek. . . Dis nie in my hart om verkeerd te gaan nie, ek—ek wil reg gaan, ek wil doen wat reg is. Want ek besef, soos Broer Jack Moore my eenkeer gesê het, hy het gesê: "Broer Branham, ek sou nie in jou skoene wou staan vir al jou ondervinding, by die Oordeelsdag nie, want God gaan 'n groot antwoord van jou verwag," het gesê: "want Hy gee jou miljoene mense in jou hande."

12 Nou, as ek weet ek gaan daar staan en vir daardie mense antwoord, watter soort van 'n Evangelie moet ek dan verkondig? Watter soort van 'n opregtheid, wanneer ek die gekooptes van Sy Bloed in my hande hou? En as Hy my 'n gawe gegee het om. . . sonder die enige twyfel, enige regdenkende persoon sou weet dat dit van God moes kom. En daarmee saam, as ek iemand op die verkeerde pad sou aflei net omdat 'n sekere groep dit gesê het, sou God my daarvoor by die Oordeelsdag laat betaal.

13 Maar toe ek die visioen, hier nie lank gelede nie, gesien het, en daardie mense gehoor uitskreeu het. . . Het julle julle klein boekie gisteraand gekry? Die—die Sakemanne se *Stem.*

Dis goed. En in die visioen. . . Een of ander tyd sal ons dit in volle besonderhede laat druk; dis nie alles daarvan nie. Maar daarin, en dit te sien, en ek daar gestaan het net soos—net soos ek nou net hier staan. En ek het na myself gekyk wat daar op die bed lê, het my vrou dopgehou, en tog hier gestaan en na myself gekyk. En hier was daardie mense wat daarrond gestaan het soos hierdie, toe ek gesê het: "Sal Paulus geoordeel moet word vir die Evangelie wat hy verkondig het?"

14 Het gesê: "Ja."

15 Ek het gesê: "Ek het elke Woord presies net so verkondig soos hy het."

16 En die miljoene het uitgeroep: "Ons rus daarop!"

17 Dis hoe ek dit wil hê wanneer ek daarnatoe oorgaan, sien. Ek wil dit so hê, net so, net wat Paulus gesê het. Wil nie een ding Daarby voeg nie, een ding daarvan wegneem nie. Net wat die Bybel gesê het, dis net soos ek dit wil laat voortgaan, julle sien. En natuurlik, julle hou dit so, denominasies aan elke kant gaan 'n versperring Daarteen oprig.

18 En dan, baiekeer, dink die broers dat ek teen my broers is. God weet anders as dit, net solank Hy weet wat die waarheid is. Sien? Dis nie teen broers nie, dis die stelsel wat maak dat ons nie broers is nie. Dis nie die Woord van God wat ons weerhou om broers te wees nie, dis die stelsel waarby ons aansluit wat ons weerhou om broers te wees. Dis reg. So, waar moet ons staan? Staan op die Woord, en God sal alle mense Daarnatoe trek (dis reg) op—Daarop. Moet dit nooit organiseer nie, dit denomineer nie, hou dit net in God, en hou net aan beweeg; hou net die einde dop, wees standvastig, God sal die res daarvan bring.

19 Daar is soveel dinge wat julle vir my gedoen het, en ek waardeer dit. Nou, as ek julle kan help, in verband met julle gebedsdoek of iets te gee. Nou, moet my nie doktriene vra nie, wat ek—ek wil dit nie graag doen nie. Soveel mense skryf vir my vrae oor troue en egskeiding ensovoorts, wat 'n verwarring in die kerk is. Ek verwys hulle altyd terug, en sê: "Vra jou pastoor."

20 Mense het my briewe hier geskryf en gesê: "Wat *hiervan*? En wat *daarvan*?" Ek verwys die brief terug, julle sal dit kry. Sien jou pastoor oor klein dingetjies, want hy is trouens julle herder. Hy—hy's die—hy's die een wat God gestuur het om die wag oor julle te hou. En ons mag daaroor verskil, en dan sal dit 'n verwarring in julle kerk veroorsaak. Ons wil dit nie hê nie. Nee! Nee! Ons wil net hê jy moet ophou om dinge te doen wat sondig is, dinge buite die Bybel, en gaan net voort om na God te beweeg. Sien? En as julle klein wrywings en sulke dinge veroorsaak, ontwrig dit die kerk. So, ek sou liewer dat julle pastoor julle vertel oor troue en egskeiding, en *hierdie* dinge en *daardie* dinge, laat hom dit doen. Hy is ook God se dienaar, en hy is toegerus om dit te doen.

21 Onthou die goeie Samaritaan wat die man gewond gevind het? Hy het hom na die herberg toe geneem, (dis die kerk) en het die man daar twee pennies gegee en hom gesê as hy nog nodig het, sou hy hom betaal wanneer hy kom. So, hy het twee pennies, hy is in staat om jou te dokter as hy 'n man van God is. As hy 'n man van God is wat op die Woord van God staan, het hy—het hy wat God hom gee: die Gees en die Woord. Is dit reg? Hoe is dit dat ons moet aanbid? In Gees *en* in Waarheid. En die Woord is die Waarheid. Is dit reg?

22 Nou, baie hartlike dank, weereens. En nou, ek is geweldig moeg, en baie moeg vanmiddag, ek is nie van plan om in nog 'n hotel te bly solank ek lewe nie. Groot dronkparty, en deur die hele nag, slaan deure en skreeu, en vroue. . . O! Ek het net heelnag regop gesit. Dis al. En dus is ek—ek nie weer van plan om in 'n ander hotel te wees nie. Ek sal na 'n motel gaan. Ek gaan vir my 'n bakkie kry sodat ek daarin kan slaap, buitekant op die grond iewers. Ek gaan dit kry, vir my 'n tent en 'n slaapsak kry, of iewers waar ek tot myself kan kom, iewers. Dis reg.

23 Dis so vol sonde, hierdie nasie, geen wonder nie! Dis oortrek, en tot in die kern verrot. Net hier op 'n ander plek, in julle staat. . . Nie net hierdie staat nie, oral. Net hier, 'n paar jaar gelede, was ek in 'n—'n godsdienstige byeenkoms hier in hierdie staat, 'n groot stad. En daardie aand het 'n godsdienstige groep, 'n ortodokse kerk met tieners, 'n konvensie gehad. Ek—ek het nog nooit. . . Ek was in Afrika onder heidentoordery en alles, ek het nog nooit so-iets gehoor nie. En die volgende oggend, (ek kan julle nie presies sê nie, ons is 'n gemengde gehoor). . . het op die vloer gelê, onsedelike dinge wat gedoen is, whisky bottels oral rond. En daardie jong kinders, seuns en dogters in dieselfde kamer heelnag, saam. En die volgende oggend, het die "heilige vader" daarbuite gesit, en hulle het gekom en so vir hom gebuig; onder die Naam van Jesus Christus!

24 Het ek mal geword? Wat—wat is verkeerd met my? Ek kan net nie daardie dinge uithou nie! Dit. . . iets skeur my uitmekaar wanneer ek dit sien. Moet dit my Here Jesus voorstel? 'n Dronk, onsedelike partytjie met onsedelike dinge wat. . . op daardie jongmans en vroue gebruik word, wat op die vloere en in die snippermandjies lê, en bottels en. . . O, goeie, genade! Kan julle dit Christenskap noem? Geen wonder die wêreld is in 'n sondige toestand nie. Wel, wat sê die sondaar wanneer hy daarna kyk? Duisende van hulle.

25 Daardie jongmeisies so dronk dat hulle skaars kan regop staan, en heelnag in die kamer saam met daardie seuns, en die verskriklikste vuilpraatjies wat jy nog ooit in jou lewe gehoor het. Ek het kussings oor my kop gesit soos *hierdie*, om aan die slaap te probeer raak. Uit op die vloere, dronk, en hardloop so op-en-af op die vloere, godsdienstig!

26 Nou, ek kan verwag dat hierdie sondige mense, soort van, nou, wat hulleself sportief noem, hierbuite in die kegelspel. Een van my kinders na 'n kegelbaan sou probeer gaan, sou ek hom uit die land jaag. Uh-huh. Noem dit sport, dis nie sport nie. Wat is dit . . . As jy wil reg wees, maak reg met God. Waar.

27 Ek wil vir julle lees, net 'n woorde uit die Bybel. Jy vind hierdie paar woorde wat ek hier vir 'n teks wil lees, word in die 17de hoofstuk van Een Konings, 1ste vers, gevind.

> . . . *Sowaar as die* HERE *God van Israel lewe, voor wie se aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, . . . behalwe op my word.*

Een Konings, 1ste hoof- . . . 17de hoofstuk, 1ste vers.

28 As ek julle 'n gebedsdoek enige tyd kan stuur, skryf net aan my; my sekretaris hier, wat nou teenwoordig is, Broer Maguire. Hoeveel het al 'n gebedsdoek van ons gekry? Laat ons julle hande sien. Staan op Broer Jim. Ek wil kyk na die . . . jy, en jou vrou ook. Hier is my sekretaris en sy vrou, diegene wat werk, wat gestuur . . . Dis die seun en dogter wat julle julle gebedsdoeke van die diens af stuur, albei toegewyde Christene. En die stem, daardie soet klein stemmetjie wat julle oor die foon hoor wanneer julle my bel, dis die klein dametjie wat daar sit, sy vrou. Haar vader en moeder-hulle, is hier met ons vandag; en—en die geliefdes, reg rondom. So . . . En dan ken julle my veldsekretaris, Mnr. Mercier, Broer Leo Mercier, hy's hier iewers, en Broer Gene Goad. En dus, as ons enige tyd vir julle 'n gebedsdoek kan stuur, enigiets wat ons kan doen, vir julle oor die foon bid; enigiets wat ons kan doen, sal ons dit doen.

29 Hierdie man wat so vreemd lyk, met 'n staf in sy hand, sy treë vas, sy oë wat met die Heerlikheid van God gloei, sy baard wat langs hom waai, 'n ou harige stuk skaapvel om hom gevou, hy het sy treë net so kragtig gemaak soos hy met die pad na Samaria toe gestap het. Hy was nie veel om na te kyk nie, maar hy het SO SPREEK DIE HERE vir daardie groot volk van Israel gehad. Ja, Elía die Tisbiet, 'n profeet van die Here. Hy was nie veel om na te kyk nie, maar hy het die Woord van die Here gehad.

30 Hy was nie bang om voor die koning te staan nie, want hy was in die Teenwoordigheid van groter as die koning, hy was in die Teenwoordigheid van Jehova. Daarom, het hy geweet waar hy staan. En toe hy voor die koning gekom het, het hy nie gestotter en gehakkel nie, hy het geweet waarvan hy gepraat het. Hy kon vir die koning sê: "SO SPREEK DIE HERE GOD VAN ISRAEL: 'Daar sal geen reën of dou wees totdat ek daarvoor vra nie.'" Waarom het hy dit gesê: "Totdat ek daarvoor vra. Volgens *my* woord"? Omdat hy die Woord van die Here gehad het, hy was 'n profeet, en die profeet het die Woord van die Here.

31 Dis 'n merkwaardige ding om die ooreenkoms tussen Israel van die Ou Testament en Amerika nou te sien. Albei van hulle

was groot nasies. Albei van hulle is gestig, en hulle mense het daarnatoe gekom as gevolg van godsdienstige vervolgings.

32 Israel is deur Farao vervolg en was vir honderde jare in slawerny, waar hulle ontneem is om die ware en lewende God te aanbid, en is daardie voorreg ontneem; en hulle het slawe geword. Maar God het vir hulle 'n belofte in Sy Bybel gemaak, of in Sy Woord, en deur Sy profete, dat Hy hulle 'n land sou gee. En hulle het in hierdie land gekom en die bewoners van daardie land uitgedryf, en het hulle erfenis in besit geneem, want God het 'n doel gehad om dit te doen.

33 En so is hierdie groot nasie van ons. Ons het hiernatoe gekom en op Plymouth Rock is hierdie nasie op vryheid van godsdiens gestig, want ons voorvaders het die Roomse vervolging van die moderne Isébelstelsel ontvlug, en het hiernatoe gekom en baie groot vervolgings en marteling onder daardie valse stelsel van Isébel deurstaan. En volgens die Bybel, van Openbaring, die 13de hoofstuk, het God hulle 'n oase belowe, en 'n plek, want die vrou is in die wildernis ingedra waar sy vir 'n tyd, tye, en 'n halwe tyd gevoed is. God het die belofte aan Amerika, of aan die kerk (aan die vrou) gemaak, om in hierdie land in te kom.

34 Het julle Openbaring 13 opgelet? Al die ander diere het uit die see, waters, gekom; Openbaring 17:17 het gesê: "Die waters wat jy gesien het, is volke en menigtes van nasies." Al die ander diere, hulle het uit die water opgekom, volke en menigtes van nasies. Maar toe die Verenigde State opgekom het: "Dit het uit die aarde opgekom waar daar geen mense was nie." En onthou, toe dit opgekom het, het dit soos 'n klein lammetjie gelyk.

35 Nou, 'n lam het twee horings, en dis burgerlike en godsdienstige magte. Maar toe hulle verenig het, onthou, toe het daardie lam gepraat soos die draak voor hom het; en die draak was Rome.

36 Toe die draak voor die vrou gestaan het om haar kind te verslind sodra dit gebore is, die rooi draak. . . Wie het voor die vrou Israel gestaan, om die kind te verslind sodra dit gebore is, en 'n vervolging uitgestuur en al die kinders van twee jaar af ondertoe dood te maak? "Rome, die draak, het by die vrou gestaan om haar kind te verslind sodra dit gebore is."

37 En toe, vind ons, dat hierdie land as 'n vry land opgekom het, en was. . . het 'n lam gehad, wat die Lam van God beteken. Maar, na 'n tydjie, het hierdie selfde stelsel wat ons het, soos die draak gepraat en het al die mag uitgeoefen wat die draak voor hom gehad het.

38 Hulle stem perfek ooreen met mekaar. En onthou toe hulle. . . Israel opgekom het en haar tuisland en Palestina ingeneem het, het al die bewoners van daardie land teruggedryf en die land in besit geneem. Ons het ingekom en dit van die Indiane afgevat, hulle teruggedryf en die land in besit geneem.

God het 'n rede gehad daarvoor. God sou die wêreld wys wat Hy kon doen met 'n—'n klein klompie mense wat vryheid wou hê, en vryheid van godsdiens, om God te dien.

39 Wat het hulle vir Israel gedoen? Hy het Israel die magtigste volk in die wêreld gemaak, en sy het so gebly tot sy uit die wil van God gegaan het. Wat het Hy met Amerika gedoen? Hy het haar die magtigste nasie in die wêreld gemaak tot sy uit die wil van God gegaan het. Stem presies ooreen met mekaar.

40 Toe Israel oorgekom het in die land, was hulle 'n—'n groot volk, want hulle het groot leierskap gehad. Hulle het Godvresende manne oor hulle gehad, soos Dawid, Koning Salomo. Die hele wêreld het hulle gevrees, en hulle het daardie voorreg van geen oorloë, geen probleme geniet, en onder die krag van God te lewe, totdat mense van oral oor die bekende wêreld gekom het om hulle te sien. God het hulle 'n gawe van onderskeiding gegee, dit was op Salomo. En die koningin van die Suide, van . . . koningin van Skeba het die hele ent pad oor die Sahara woestyn gekom (het haar drie maande geneem) net om die wysheid van Salomo te hoor. En toe sy gesien het dat Salomo geeste kon onderskei, en die geheime van haar hart aan haar bekend gemaak het, het sy gesê: "Alles wat ek van jou gehoor het, is waar en nog meer." Sy was oortuig dat dit God was.

41 En Amerika, op die basis van ons voorvaders wat vir godsdienstige vryheid hiernatoe gekom het . . . Ons het goddelike manne in daardie dae gehad as leiers: George Washington, Abraham Lincoln, manne van beroemde karakter, manne van God. Amerika was Amerika, in daardie dae.

42 George Washington, hier by Valley Forge, voor hy die Delaware oorgesteek het, het heelnag gebid, totdat hy tot by sy middel nat was, van kniel in die sneeu. En die volgende oggend toe die Amerikaners begin oorgaan het, was daar net omtrent twintig persent van hulle wat skoene gehad het om aan te trek, die Amerikaanse Leër. Maar hulle het 'n beginsel gehad, hulle het iets gehad waarvoor hulle moes veg. Hulle het nie omgegee wat gekom of gegaan het nie. (Die boere het ingekom, sy ploeg laat staan en sy os uitgespan, en het sy geweer gaan haal en het gaan veg vir wat hy geweet het vryheid is.) En die volgende dag, dink ek was dit, het vier of vyf koeëlgate (musketkoeëls) deur sy baadjie en hoed gegaan en het hom nooit geraak nie.

43 Manne van God, wat hierdie nasie gestig het, groot manne! Geen wonder hulle het geskryf nie:

> Lank sal ons land helder skyn
> Met vryheid se heilige lig;
> Bewaar ons deur U krag,
> Groot God, ons Koning!

44 'n Tydjie gelede, het ek met 'n ou man by Corydon, Indiana, gepraat. Hy het my vertel van toe die hoofstad in Corydon was,

en hoe hy . . . gesê hoe hy in 'n ossewa gegaan het om die—die goewerneur te hoor praat. En hy en die goewerneur was die enigste twee wat 'n tweestuk, 'n pak klere, aangehad het. Het gesê dat hy die skape opgepas het en hulle geskeer het, en hulle wol gewas het, sy susters het dit gespin en het vir hom 'n baadjie gemaak om by sy broek te pas. En die oukêrel het daar gesit, toe van omtrent vyf-en-tagtig of negentig jaar oud, het sy baard soos *hierdie* getrek en hy het gesê: "Billy, dis toe 'Amerike' 'Amerike' was."

45 Ek het na die oukêrel gekyk en ek het gedink: "Man, jy . . . baie van hierdie jonges sal dit nie glo nie, maar jy praat die waarheid."

46 Wat het met Israel gebeur na al hierdie goddelike agtergrond? Hulle het begin lighartig word. Hulle het begin by 'n plek kom waar hulle, wel, hulle nie meer omgegee het wat aangaan nie. Hulle het begin traag word in hulle aanbidding tot God, alhoewel hulle 'n vorm van godsdiens behou het, net soos ons het. Hulle het 'n vorm van godsaligheid gehad. Maar hulle het begin vry word met hulle mense, en—en hulle het verskillende dwaalleringe in hulle kerk begin bring. Die aanbidding van Baäl het begin inkruip, en Israel het plesiermal geword, dronk, en sulke dinge soos dit, en het uiteindelik 'n leier ingebring wat nie vir God geken het nie; Agab, wat sy vader opgevolg het. En sy vader was 'n goddelose man, ryk man, maar 'n goddelose man. En hy het al die sondes gedoen, meer as wat enigeen voor hom ooit gedoen het. Maar Israel, in hulle dronk bedwelming, hulle het so 'n man ingesit, en het hom op die troon gesit om 'n heerser oor hulle te wees. Hulle het gedink dit was in die haak. Net soos 'n klomp Amerikaners vandag doen: "Hy is 'n goeie politikus, so watter verskil maak dit? Dit sal geen verskil maak nie, want hy is 'n goeie politikus."

47 'n Klomp Amerikaners, te veel van hulle, het hulle geboortereg verkoop, as 'n Amerikaner, en sê: "Watter verskil sal dit maak, solank as jy 'n paar ekstra dollars van die regering kry en lewe?" Hulle het vir die maag uitverkoop, en vir die welluste en begeertes van 'n sondige wêreld, en het die eintlike ding vergeet waarvoor ons op Plymouth Rock geland het. Hulle het ons erfenis vergeet, en het gegaan en aan die plesiermal menigtes uitverkoop. Soos dit was in die dae van Israel, so is dit, Amerika het daardie selfde pad geneem, reguit af op dieselfde pad, plesier!

48 Na 'n tyd, het die regering sonde gerugsteun: "Net solank jy 'n sinagoge het, watter verskil het dit gemaak?" Dis presies wat Amerika gedoen het. En ons begin ons saam te organiseer en klein groepies maak, en meer sondig, meer sondig, meer sondig. Ons moes by die ware beginsels gebly het waarvoor ons hier geland het! Sonde het in die kerke begin inkruip soos dit toe het. Vroue het hulle hare begin afsny, onsedelike klere gedra, dit elke

jaar afgesny en. . . En mans het *dit*, *dat*, en die *ander* begin doen, en kaart gespeel en bankospeletjies in die kerk gehou, en net so wêrelds soos hulle was, plesiermal, dronkenskap.

49 Predikers, gegradueer van die kweekskool, en die biskop sê: "Preek manne, wat julle ook al wil. In sover dit my aangaan het die bloed van Jesus Christus negentienhonderd jaar gelede opgedroog." Totdat die kerk tot niks anders as 'n organisasie gekom het nie, soos 'n losie. Mag julle nooit hierdie middag vergeet nie! Soos 'n losie geword, wêreld het begin inkruip, predikers het begin toegee net soos hulle in die dag van Agab gedoen het. Sondig, verrot tot die kern, en het aan en aangegaan net so hard as wat dit kon.

50 Alhoewel God hulle profeet na profeet gestuur het, en Hy met sagte genade met die mense gesmeek het, en hulle het hulle rug Daarop gedraai. Hulle wou hulle weg hê, hulle was Israeliete, hulle was vry, hulle was 'n groot nasie, hulle voorvaders het *so-en-so* gemaak (Dawid en Salomo), hulle kon doen wat hulle wou. Net dieselfde ding waarop ons onsself baseer het, presies; wat Washington, ons voorvaders, en waarvoor hulle gestaan het. Maar, broer, ons is 'n miljoen myl van daardie dinge af; ons kerke is, 'n miljoen myl.

51 Die ou. . . Die Metodiste kerk vandag, teenoor wat die Metodiste kerk vroeër was! Wat die Pinkster vandag is, en wat dit vroeër was! Wat die Baptis vandag is, teenoor wat dit vroeër was! Ons het tyd gehad om terug te gaan en van John Smith en baie van daardie vroeë hervormers te praat. John Smith het gesê, voor hy gesterf het, gesê: "Die aakligste ding is dat Metodiste vroue goue ringe aan hulle vingers begin dra." Metodis! Wat sou hy vandag sê om hulle met hulle hare afgesny te sien, en grimering oor hulle gesig, en aan die kortbroek dra? Dis as gevolg van sonde!

52 Wat het God in Amerika gedoen? Het herlewing na herlewing gestuur, herlewing na herlewing. Predikers het die Woord verkondig, het probeer om die mense terug te roep na God. En wat het hulle gedoen? Dieselfde ding wat Israel gedoen het, Dit verag! Het die spot met hulle gedryf! Het hulle "holy-rollers" genoem! Het hulle in die tronk gegooi!

53 As een van my susters en een van my broers, uit hierdie kerk vandag, gisteraand in daardie hotel sou gestaan het en hulle hande opgesteek en God geprys en uitgeroep het in daardie kamer, sou hulle vandag in die tronk gewees het daaroor. Maar 'n dronk, bedwelmde klomp idiotiese "unholy-rollers" kon daar staan en heelnag lank skree; en dronk, en vloek en hulle klere van hulle vroue aftrek en tekere gaan, en op die vloer val en heelnag lank skree, en selfs hulle kan nie 'n woord daaroor sê nie. Geen wonder ons is onder die hand van God gedoem nie!

54 Let op, aan en aan, het God predikers gestuur, het tekens en wonders gedoen, Sy Woord bevestig. En oor die algemeen, het 'n klomp modernistiese geestelikes Dit afgewys en met elke herlewing die spot gedryf. Sulkes soos die sogenaamde Kerk van Christus-hulle: "Dae van wonderwerke is verby." Probeer hulle bes om dit van daardie klein oorblyfsel van God uit te sluit. Soos dit was in Israel, so is dit vandag. Baiekeer moet God Sy mense uit daardie organisasies en denominasies neem, hulle uitneem in die wildernis alleen, om met hulle te praat. En Hy gaan 'n oorblyfsel hê, moet julle nie daaroor bekommer nie. Hy het toe, Hy sal nou. Aan en aan het hulle, deur sonde gegaan, deur dinge geloop. Waarom? Hulle leierskap, daar is niks om dit te stop nie.

55 Wel, eerlik, ek weet van baie nasies wat, as hulle die mense op straat so aangetrek sou vang, soos ons hier in Amerika doen, sou hulle hulle in die tronk sit. Toe ek na St. Angelo in Rome gegaan het, (nou dink daaraan, so laag soos dit is), het hulle 'n bord daar by die St. Angelo grafkelder opgehad: "Aan die Amerikaanse vroue: 'Trek asseblief klere aan en eer die dooies.'"

56 As daar iets is wat jou siek maak, is dit om 'n klomp sogenaamde Amerikaners te sien inkom. Ek het by Lausanne gesit, ons het 'n bietjie biefstuk geniet eendag, ek en Broer Arganbright. Volgende dag het ons teruggegaan, want dit was lekker. Ek kon bietjie water daar kry, hulle wou niks anders as wyn bedien nie. En as ek water wou hê, moes ek 'n beker water onder my eie arm dra, die heeltyd, want hulle wou jou nie met water by die tafel bedien nie. Toe ek daar ingegaan het, was alles goed tot "Juffrou Amerika" ingekom het met 'n klein, vuil, neusoptrekkerige poedelhondjie; met genoeg tiensentwinkel juweliersware aan soos dit, en 'n sigaret ver aan die end uitgesteek soos dit, het daar gaan sit en iets voorgegee wat sy nie was nie; en het daardie poedelhond op die tafel gesit, vuil, smerige ding.

57 Dis . . . 'n hond is die slegste ding waarvan God praat. Selfs die tiende van hulle af kan selfs nie in die huis van God betaal word nie. "Dis soos die hoer, 'n tiende van 'n hoer," het die Bybel gesê. En, tog, daar is dit. Hulle sal geboortebeperking toepas en 'n duisend dollar betaal, byna, vir 'n klein ou hondjie, en dit rondneem en dit 'n kind se liefde gee, sodat sy heelnag kan rondloop, en geboortebeperking toepas.

58 Wat anders as chaos wag! Julle mag nooit weer my stem hoor nie, maar ek wil hê julle moet dit onthou: Ons is aan die einde!

59 Daar, ons het gevind wat plaasgevind het, wat het. Uiteindelik, het die *groot* uur gekom: Agab is verkies, en toe hy was, het hy met Isébel getrou; daardie korrupte ou vrou wat die hele Israel na afgodediens gelei het. En soos Israel toe gemaak het, wel, hierdie . . . Hulle moes in 'n afvallige toestand gewees het om ooit so-iets in hulle nasie te laat gebeur. Die wette word

deur die mense vir die mense gemaak, en ons het dieselfde ding gedoen!

60 Daar was 'n tyd toe Amerika nie sou nie. Hulle het beter geweet as om die ou prostituut, ou hoer, toe te laat, wat die bloed van die martelare gedrink het; hulle doodgemaak het. En die rede waarom hulle hiernatoe gevlug het: vir vryheid, hulle sou met niks soos hierdie klaargekom het nie. Dit wys ons is in 'n teruggevalle toestand, 'n hele nasie, om diegene te verkies. O, natuurlik, nou julle. . . sommige van julle goeie vierkantige Demokrate sal dit dink, dat: "O, wel, hy sal—hy sal 'n goeie staatshoof uitmaak." Dit mag vir die rede goed klink, vir die vleeslike gemoed. Maar vir die Woord van God en die geestelike gemoed, maak dit nie sin nie. Dit maak dit beslis nie, 'n paar ekstra dollar uit en 'n paar belasting of iets soos hierdie besnoeïng.

61 En ons kry swaar, ons sendelinge op die veld vandag, want ons word nou as 'n Katolieke nasie beskou. Wel, sekerlik, Rusland word as kommunisties beskou, want hulle het 'n kommunistiese leier. Rooi China word as kommunisties beskou, want hulle het 'n kommunistiese leier. Ons word as Katoliek beskou, omdat ons 'n Katolieke leier het.

62 O, toe Agab op die troon was. . . Julle sê: "*Hy* is op die troon." Dis reg, maar Isébel was die hoof agter daardie troon. Sy was die een wat die leiding geneem het. Kyk hoe sy die einste wette van die land gevat het en hulle verdraai het, en vir haar eie gewin en vir hebsug, en Agab dit laat doen het, omdat sy met hom getroud was. En dis hoe dit vandag met ons leier is. Ek sê nie hy is nie 'n gawe man nie, maar kyk wat agter hom is: die hoer, die einste ding waarvoor ons hiernatoe gekom het (om Amerika te wees); die einste beginsels waarop Amerika gebou is. Ons, deur ons eie vrye keuse, het so-iets verkies.

63 Nou sien julle waarom my stem binnekort gestop gaan word. Maar iemand gaan weet! Ja! Waarom? Openbaring 2:20, noem sy haarself 'n "profetes." Kyk net na die vlaag van sonde wat nou plaasvind. Kyk julle net hoe kern tot die kern toe teruggaan. Kyk na modernistiese, kyk na goddelose goed wat gebeur in die kerke. "En, uiteindelik, sal daar 'n vervolging kom," die Bybel sê so, SO SPREEK DIE HERE! Sekerlik, daar sal wees.

64 Wat gaan dan gebeur? Net soos dit toe gebeur het, so sal dit nou wees. Sy was die mag daaragter, sy was die een wat dit beheer het. Lees die. . . ek dink dis die sewe-. . . omtrent 17de of 18de hoofstuk, daarrond daarin, sal julle vind wat Isébel gedoen het: hoe sy Agab geneem het, en hy kon niks daaroor sê nie, want dit was sy vrou. Kyk waarop die nasie toe gebou was, 'n teruggevalle Israeliet met 'n heidense vrou (agter hom) wat 'n aanbidder van Baäl was. En wat het sy gedoen? Sy het alles uiteindelik so modernisties gemaak, en so mooi, en dit was vir die

mense so maklik, tot die hele kerk daarvoor geval het, predikers en al. Het Elía nie gesê: "Here, ek is die enigste een wat oor is" nie? En soos dit toe was, stem dit ooreen daarmee vandag.

65 Almal van hulle was bang om enigiets te sê. Is dit nie net soos dieselfde ding vandag nie? Hulle was bang om iets te sê. So vind ons uit, hulle was net los, wild, dronk tekere gaan, plesiermal, en alles anders, net soos dit vandag is. Isébel verdraai daardie Skrifte, . . . Wat het sy . . . of daardie wette, soos—soos Isébel sal verdraai. Onthou, Isébel, sy noem haarself 'n "profetes", om die mense te onderdruk, en sy sê dat sy "die enigste stem van God op die aarde is." Sy sal die vleeslike gemoed dit laat glo, so seker as die wêreld.

66 "Daar sal 'n aanbidding van 'n vrou kom in die Verenigde State, en dit sal Maria wees." Ek het dit gesien, dertig . . . 1931. Sewe dinge het gebeur. Ek het dit net hier op papier by my, het dit in 1931 geskryf. Hoedat ek gesê het: "Hierdie President, Franklin D. Roosevelt, hy sal die hele wêreld veroorsaak, dit help doen, die wêreld na oorlog stuur." Het nog nie tot oorlog gekom, gedurende tye van depressie nie. Ek het gesê: "Nog 'n ding, . . . " En my moeder, 'n vierkantige Demokraat, of sy nie hard na my gekyk het toe ek dit gesê het nie. Ek het gesê: "Ek gee nie om as hy 'n Republikein is of as hy 'n Sosialis was of wat hy ook al is nie, *hierdie* is SO SPREEK DIE HERE." En ek het gesê: "Deur dit te doen, laat hulle vroue toe om te stem. En wanneer hulle dit doen, het hulle een van die grootste skandes gedoen wat hierdie nasie nog ooit gedoen het." En ek het gesê: "Eendag sal hulle daarvoor betaal." En hulle het by hierdie laaste verkiesing. Dis wat hom verkies het, vroue.

67 En julle dierbare gekleurde mense, in die Suide, hoe het julle gestem! Julle sê: "Jy het geen saak om dit op die preekstoel te sê nie." O ja, ek het, dis die Woord van God! En die vlek van—van Abraham Lincoln, die een wat julle bevry het, lê daar ver in daardie museum op 'n vrou se rok, en julle verkoop julle geboortereg. Skaam julle.

68 En julle mense, vir politiek, omdat julle net 'n goeie Demokraat is, het vir so-iets gestem, en het julle geboorteregte van Amerikanisme en Christendom verkoop, om dit aan die prostituut oor te gee wat ons in hierdie nasie in laat vlug het, wat ons gemaak het wat ons was. Sien hoe sy ingekruip het? Heel maklik, tot sy nou op die troon is. Sekerlik! Die Wit Huis troon.

69 Kyk! Alreeds . . . Het julle nou die dag gesien omtrent die Katolieke skole en Protestante skole? Ondersteun die Katolieke skool, maar die Protestante nie. Sien? O, broer! Kyk julle net vir 'n golf van goed wat nou voortkom. Let op, en soos hulle dit gedoen het, kyk wat het plaasgevind. Al hierdie sonde wat inhoop. Het by 'n punt gekom en het die nasie in daardie soort steierende plek gebring.

70 ’n Paar jaar gelede, toe het hulle gehad . . . die Pinskters eers tevoorskyn gekom het, het dit die nasie ’n paar jaar gelede gered toe Al Smith sou staan. Amerika het toe beter geweet. Maar Pinkster het so wêrelds geword, dit het reguit ingegaan en hulle regte as ’n Christen verkoop, aan politiek, en sy politiek voor die Bybel. O, goeiste!

71 Nou, net ’n oomblik, en kyk net hoe dit uitkom. Nou, ons vind uit wat hulle gedoen het en die dinge wat hulle gedoen het, sien ons dit net hier presies ooreenstem, sonde aan alle kante. Isébel het ingekom, sy het al die mense betower. En let op, uiteindelik het sy die groot altare vir Baäl begin bou. Is dit reg? En die Baälpriesters het van oral af gestroom om in daardie plek te kom, en het begin om die land met Baälaanbidding te besoedel.

72 Kyk hoe hulle gemaak het, kyk hoe hulle vervuil het. Net die dinge wat hulle gedoen het, kyk waar hulle vandag is. Kyk na Katolisisme wat insluk, insluk, insluk; ondertrou, verbreek dit, presies net wat Daniël gesê het hulle sou doen. Yster en klei sal nie meng nie, maar vermeng hulle saad met mekaar, verbreek. Elke Protestante dogter wat ’n Katolieke seun trou, moet haar kinders Katoliek grootmaak. Alles soos dit, trou, vermeng, so, tot dit tot ’n punt gekom het tot die hele Verenigde State deurwurm is.

73 Wat gaan ons doen as sendelinge, gaan daar ver uit om in Suid-Amerika te bevry en oor die hele deel van die wêreld, Tommy Osborn-hulle, probeer om die mense uit daardie heidendom te kry en hulle kan hulle vinger reguit terugwys dat ons ons leier verkies het, en dieselfde ding. O, God. Wat gaan—wat gaan met hierdie wêreld gebeur? Dit behoort elke persoon hierbinne te skud. Hoe gaan ons antwoord? Wat gaan die sendeling sê wanneer hulle sê: “Julle kom hierheen om ons hiervan te bevry en julle eie mense het dieselfde ding in julle amp daar op die troon?” Hoe gaan ons . . . Wat . . .

74 Kyk terug in die bladsye van geskiedenis, blaai terug en sien of dit—of dit absoluut, byna ongrondwetlik is om dit te wees. Hulle sou dit nie jare gelede gedoen het nie, maar, sien, ons het ons Christelike regte aan politiek uitverkoop, en dis hoe die Duiwel homself ingeweef het. Agab was niks behalwe ’n skynhoof vir Isébel nie. Dis al wat hierdie sal wees, net ’n skynhoof. Hy sal dit nie self doen nie, maar daardie stelsel agter hom sal hom daartoe dryf. Presies reg! Knyp jou gewete, Christen. Skud jouself wakker, dis later as wat jy dink. Die toestand waarin ons is, toestand waarin hulle was, en hoe hulle hulleself laat losraak het.

75 Hoe moes die groot liefdevolle hart van God uitgeroep het, en geween het, soos Hy Sy sendingmense gesien het. Het hulle ’n voorbeeld gestel, al die nasies wat van oral gekom het, omdat God hulle geseën het, hulle in eensgesindheid gesien het.

Geestelik, God gedien. En dan om te dink dat Hy—Hy verlang het om hulle te sien terugkeer na hulle eerste liefde toe, en doen wat reg is, maar gedurig het hulle weggegaan, en weg, en weg, tot Isébel uiteindelik ingekom het. Dis presies wat ons gedoen het. Het weggedryf van die beginsels van Christus. Toe God Sy predikers oor die nasie gestuur het, het hulle heiligheid verkondig, Pelgrim Heiligheid, Nasaréners, Pinksters: "Kom terug na God! Kom terug na God!"

76 En die ware outydse gevestigde kerke het net gelag en die spot gedryf. 'n Klomp van daardie modernistiese gelowiges, wel, hulle het alles veroordeel wat daardie manne gedoen het en gesê: "Dit was van die Duiwel." Wat het dit gedoen? En die kerk het daarna begin luister, die meerderheid het begin luister. Eerste ding waarvan julle weet: "As die Katolieke vrou hierdie soort goed kan dra, kan die Protestant ook. As die Katolieke kerk dit kan doen, kan die Protestant ook. Dan as die Metodis kan, wat van die Baptis? Dan as die Baptis kan, wat van die Pinksters?"

77 Sien, dis waarin mensgemaakte stelsels jou bring. Halleluja. Dis waar. Dis waarom ek daarteen is, want God se Woord is daarteen. Mensgemaakte stelsel: God is daarteen, Sy Woord is daarteen, Sy profete sal daarteen wees, Sy ware dienaars sal daarteen wees, almal wat uit die Gees van God gebore is, sal daarteen wees.

78 Kyk hoe Israel geword het, hoe hulle saam met die stroom gedryf het, tot Isébel uiteindelik gekom het. Kyk hoe het Amerika geword, en gedryf saam met die wêreldse stroom, tot Isébel uiteindelik die troon geneem het. Dis reg. Nou, Isébel was nie werklik op die troon van Egipte . . . of, troon van Israel nie, maar sy was die vernaamste hoof agter die troon. En die Katolieke hiërargie is nie op die troon van die Verenigde State nie, maar sy is die stelsel daaragter, want hy is met haar getroud. En die Bybel het gesê, in hierdie land sou hulle "'n beeld wat *lyk* soos die dier" maak.

79 O, broer, suster, wat is verkeerd? Wel, ek—ek weet wat dit is. Die Bybel het gesê hulle sou hierdie Laodicése eeu kry, en dis waarby ons is. Julle mag my nou haat, maar eendag sal julle nie, wanneer julle uitvind wat die Waarheid is. Julle mag verskil en opstaan en uit die gebou padgee, dit wys net julle ongeletterdheid. Maar eendag sal julle besef, eendag sal julle verlang en weet dat dit die Waarheid is! Ek sê Dit in die Naam van die Here! Het myself as 'n teiken opgestel, wat my uiteindelik na die graf toe sal dryf. Ek gaan 'n getuie wees tot ek sterf, as God my sal help. Dis reg.

80 Hier is ons in hierdie toestand, waarin ons vandag is, alles daarvan gaan aan soos dit. En Israel, soos Agab gemaak het, 'n skynhoof vir Isébel, want hy was—hy was met haar getroud. Amerika, ons leier, hoe het 'n . . . Weet julle ons leier is 'n ryk

man? Hoeveel weet dit? 'n Multimiljoenêr. Iemand het my vertel, in 'n tydskrif of een of ander radio of televisie of iets, het Jack Benny of iemand 'n . . . Ernie Ford, glo ek was dit. Iemand het gesê dat: "Sy vader het hom gehelp om twee state te verkry wat hy nie besit het nie." Besit net omtrent die res daarvan. Hoe het hy dit verkry? Hoe het daardie geld gekom? Deur die whisky verkeer, en drank. Dis waarom hy die belasting op whisky en goed verminder het. Dis wat hom 'n ryk man gemaak het. Die einste ding wat ons nasie verdoem het, die einste ding wat die verstand van ons mense verrot het, die einste ding wat ons seuns uitgestuur het om dronkaards te word, en ons dogters om prostitute te wees, die geld van daar af het hom 'n ryk man gemaak.

81 Dieselfde ding, daardie ou Isébel-stelsel, dieselfde ding wat ons mense vervolg het, dieselfde ding wat hulle uitgesleep het (in Roomse in) en hulle verbrand en uitmekaar getrek het en alles aan hulle gedoen het, dieselfde bloed van die martelare (sê die Bybel) is in haar! Daar is hulle, getroud met mekaar. En ons Amerikaners strompel reguit voort: "O, wel, ons het 'n paar ekstra dollar en ons het 'n lekker tyd. Beter daaraan toe as al die res van die nasies." Maar, broer, wag jy net 'n oomblik.

82 Laat ons dit nou letter vir letter neem, vir die volgende paar minute, sien wat gebeur het.

83 Die predikers het net saamgegaan, net met hulle ingeburger, het bloot saamgegaan met hulle, die hele stelsel. Die hele Israelitiese stelsel het reguit met Isébel saamgegaan. Hulle het 'n vorm gehad, ja. En vertel die Bybel ons nie dat ons in hierdie laaste dae "'n vorm van godsaligheid" sal hê nie? Al die profesieë is vervul, broer, ons is aan die einde! Nasionaal, is ons aan die einde! Geestelik, is ons aan die einde! Elke stelsel is aan sy einde! Die volgende ding is die koms van die Here en die verandering van die Kerk.

84 God het elke teken, wonder gestuur, alles gedoen wat Hy kon doen, om die mense te probeer trek, en gedurig het hulle reguit voortgegaan. Kyk na hierdie stad hier, kyk na hierdie omgewing hierrond, met tiene honderde en honderde van Pinkstermense; en as gevolg van op die Waarheid te staan, waar is hulle vanmiddag? Omdat iemand hulle gesê het om nie met die byeenkoms saam te werk nie. Julle arme, moedswillige . . . mag God julle genadig wees, is die enigste ding wat ek kan sê. Wanneer julle Christene nie meer ruggraat as dit het nie, het julle 'n wensbeen in plaas van 'n ruggraat. Reg! Wat ons nodig het, is "verkondig die Evangelie met tande daarin," dit sal die ding in stukke kap. Het net soos die res van hulle gegaan, dan wonder julle waarom ons daaroor uitroep. Dan, julle sien, kry jy die "koue skouer." Ek verwag dit, ek moet.

85 Dit alles het in Israel aangegaan. Uiteindelik, eendag, het daar 'n ou, harige kêrel uit die wildernis gestrompel gekom, Elía

die Tisbiet. Hy het nooit enige van die organisasies opgekom nie, hy het uit die wildernis gekom! Hy het niks met hulle te doen gehad nie. Hy was 'n profeet van die Here. Broer, hy het daardie Isébel koninkryk geskud vir alles wat daarin was. Hulle het hom gehaat. Hy het geen samewerking gehad nie, ek sal julle dit waarborg. Die Bybel sê nie. Sekerlik. Hy het daardie gegrimeerde-gesig Isébels laat "opbrand," skat ek. Hy het die byl teen die wortel van die boom gelê soos Johannes het, die spaanders het gespat waar hulle ook al wou, maar hy het haar daar ingelê. Hy het die nasies geskud, gewys dat hulle verkeerd was, en het hulle probeer terugroep na 'n ware lewende God, en terug na Sy Woord toe in plaas van 'n Isébel-aanbidding.

86 Wat het hulle gedoen? Het hulle hom ontvang? Hulle het hom gehaat! Maar Sy Woord het net presies dieselfde voortgegaan, want hy het SO SPREEK DIE HERE gehad! God het saam met hom gewerk, en gewys hy was gesalfde profeet deurdat die dinge wat hy gesê het, gebeur het. En alles wat hy gedoen het, het bewys dat hy God se profeet was. Maar nog wou hulle Dit nie glo nie, omdat hy hulle dobbelhuise uitgeroei het. Hy het hulle gesê dat hulle "Verkeerd!" was! Agab was 'n rondloper. Waar! En jy let op dat hulle hom nie geglo het nie, maar hy het Dit nogtans verkondig. Geeneen van die predikers het met hom saamgestem nie, hy het gesê: "Ek is die enigste een wat oor is, Here. Kyk na hulle, hulle wil selfs nie . . . ene, niemand wil saamwerk nie." Maar hy het 'n sending gehad om te doen en hy het dit gedoen. Hy het die Woord van die Here gehad, SO SPREEK DIE HERE! En hy het die nasie aangeval, hy het die kerk aangeval, hy het alles wat daar was, aangeval, en God was met hom!

87 Ons is belowe, in die laaste dae, dat hy na hierdie land ook sal terugkeer. Ek weet, Jesus, toe . . . Matthéüs 17, toe hulle Hom gevra het: "Waarom sê die Skrifgeleerdes: 'Elía . . . '?"

88 Kyk wat Hy gesê het: "Elía sal werklik eers kom," verlede, teenw- . . . in die toekomstige tyd. Maar toe het Hy Johannes as 'n voorbeeld gegee. Johannes was nie Maleági 4 nie. Johannes was Maleági 3: "Kyk, Ek stuur 'n boodskapper voor My aangesig, om die weg te berei."

89 Maleági 4, het Hy gesê:

> *Voor die groot en vreeslike dag van die Here sal aanbreek,* wanneer die hele aarde sal verbrand word soos 'n stoppel; voor daardie dag, *sal Ek Elía stuur.*

90 En dit was nie Johannes nie, want die Here het nie die aarde verbrand toe Johannes gekom het nie. En as julle oplet, en in die laaste hoofstuk, in die laaste vers, het Hy gesê: "En hy (kyk; hy, wat praat . . .) sal die harte van die vaders tot die kinders terugbring, *en* die harte van die kinders na die vaders toe."

91 Kyk nou! Die eerste Johannes het gekom, die eerste Elía, wat het hy gedoen? Hy het gekom en 'n Boodskap gebring en die

ou ortodokse harde harte na die geloof van die jong kerk, die kinders, gebring. Maar wanneer die volgende Elía kom, in die eindtyd, moet hy teruggaan en die—die vaders se harte neem . . . die kinders se harte, liewer, en hulle na die Geloof van die pinkstervaders toe terugbring. Sien die verskil? Hy sal nie een van hierdie *sogenaamdes* hier wees wat ons vandag het nie, hy sal reguit teruggaan na Handelinge 2 en reg van daar af begin. Hy sal die onvervalste Evangelie verkondig, net dieselfde ding sê wat Petrus op die Pinksterdag gedoen het, want wat hy by Pinkster gesê het, het die res van die Skrif bewys. Hy sal nie ronddwaal met een of ander organisaie, wanneer Elía kom nie. Hy sal vroue haat soos Elía het, net soos . . . of slegte vroue, net soos Johannes het. Hy sal 'n wildernis liefhebber wees, net soos hulle was. Hy sal nie spaar nie. Ons kyk uit vir hom om te kom. Hy sal kom! God het gesê hy sou, en hy sal hier wees!

92 Ek glo, indien enigiets, die Boodskap wat ons vandag het, sal daardie groot koms van hom voorafgaan. Ja, meneer! Hy is op sy pad, alreeds gebore. Soos Elía was, en uitgebars het uit die wildernis uit, sal hy homself iewers bekend maak. Hy sal Handelinge 2 verkondig. Hy sal die Geloof van hierdie ou pinkstervaders reguit terugbring na die . . . die geloof van hierdie pinksterkinders, reguit terug na die Geloof van die pinkstervaders. Hy sal reguit teruggaan na Handelinge 2, Handelinge 2:38, heelpad deur. Hy sal die ware, onvervalste Evangelie bring. Hy sal niks te doen hê met Isébel en haar stelsel nie. Hy sal 'n dienskneg van God wees. Sal beslis! Die Bybel het gesê hy sou kom. Hy sal profeteer en sy Boodskap in die gesig van die Isébels gooi, presies net soos Elía in die begin aan Israel het. Hulle sal hom haat! Hulle sal nie met hom saamwerk nie. Nee, nee. Hy sal kom! God het dit belowe, en hy sal op die toneel kom. Hy sal—hy sal aan die Uitverkore Kerk preek soos Dit gesê het, hy sou, daardie Uitverkorenes te skud, die vleeslikheid daarvan af te skud, die—die wêreld en dinge, dit af te skud, dit af te bring, die Kerk bymekaar te kry, 'n volk.

93 Ek weet julle sê: "Dis my denominasie." Broer, jy is verkeerd! Johannes het as 'n een-man-stelsel gekom, om 'n Een Man: Jesus Christus, voor te stel. En die Elía sal nie 'n stelsel wees nie, dit sal 'n man wees, Jesus het so gesê. Dit sal een man wees wat met die Heilige Gees gesalf is. En hy sal nie enige drie of vier gode voorstel nie, hy sal Een voorstel: die Here Jesus Christus, want sy Boodskap sal die pinksterkinders weer na die Geloof van die vaders terugskud.

94 Onthou, broer, as ek hierdie dinge sê om lelik te wees, behoort ek by die altaar te wees. Ek vertel julle SO SPREEK DIE HERE! As God nie bevestig het dat ek julle die Waarheid vertel het, oor die nasie, om die wêreld nie, sê my dan waar die fout was. Ek vertel julle die Waarheid! Keer terug na God, vinnig! Kom uit hierdie stelsels uit, want die Bybel sê in die boek van Openbaring,

dat die Rooms Katolieke hiërargie 'n "hoer" was, en sy was 'n "moeder van hoere." Wat is dit? Kerke, stelsels.

95 En waar het die Metodiste kerk, waar het die Lutherse kerk vandaan gekom? Waar het die Metodiste, Baptiste, waar het al die organisasies vandaan gekom? God het nooit 'n kerk georganiseer nie. Katolieke kerk het gesê, hulle het destyds daar begin: "Jesus het die kerk georganiseer." Ek wil—ek wil die bladsy in die geskiedenis hê, of die bladsy in die Bybel. Daar was nooit 'n organisasie voor driehonderd-en-ses jaar na die dood van die laaste apostel nie, toe het hulle die Niceense Raad gevorm en 'n organisasie gemaak. En toe Luther uitgekom het . . . hy was 'n groot man van God, maar sodra hy gegaan het, het daardie klein groepie mense gegaan, en nog 'n organisasie gevorm. Toe het die Heilige Gees op John Wesley uitgegaan, hy het nooit enigiets georganiseer nie, maar na hy gegaan het, toe het hulle georganiseer. Toe het die Heilige Gees by die Pinksters ingekom, en hulle het van die Metodiste uitgegaan. En wat het gebeur? Toe het *hulle* georganiseer.

96 Maar daar sal 'n een-man-stelsel voortkom met die krag en die salwing van Elía, om hierdie profesie te vervul. Halleluja! Hy sal dit skud. En, onthou, hy het aan hulle geprofeteer, en geprofeteer, en hulle al die dinge gesê, en God het saam met hom gewerk. Maar sy finale Boodskap het die Wit Huis aangeval. Uh-huh. Toe Johannes gekom het, het sy finale Boodskap die Wit Huis van daardie dag aangeval. Elía se finale Boodskap, toe hy daardie oggend langs daardie pad afgestap het, nadat hy in die Teenwoordigheid van God daarbuite was, het langs daardie pad met ou hare heel oor hom, afgestap, sy kaalkop wat blink, die baard wat waai, daardie klein, ou ogies was aan die glinster met die heerlikheid van God. Daardie stok in sy hand, en sy voete net so ferm soos hulle kon wees. Wat het hy gedoen? Het reguit van Samaria af gestap ten aanskoue van die Wit Huis en gesê: "SO SPREEK DIE HERE!" Niks gevrees nie. Die kerke het hom weggewys, die mense het hom weggewys, so nou gee hy sy finale aanval, op die Wit Huis.

97 Wat het toe daarna gebeur? Luister! Na daardie aanval, het sy stem stil geword, niemand het hom meer gehoor nie. God het hom van die toneel af geroep, het gesê: "Elía, jy het klaar jou Boodskap aan die hele Israel bekend gemaak, hulle ken Dit. Kom nou hierheen in die wildernis, kom weg van hulle af, sonder jouself af, want Ek gaan iets doen. Ek gaan hulle wys wat dit is om My Boodskap weg te wys." Wat het begin? Oorlog, hongersnood, verhongering.

98 SO SPREEK DIE HEILIGE GEES: "Kyk wat kom! Kyk wat gaan volg! Daar was 'n hongersnood, daar *sal* 'n hongersnood wees!" O, dalk nie vir brood nie, maar om die Woord van God en Sy Waarheid te hoor. Al die kerke sal sosialiseer en net

desondanks reguit daarin gaan, net soos hulle alreeds daarin verswelg is.

99 Wat het Elía gedoen? Hy het 'n versteekte fontein gevind, ver bo in die berg waar hy bietjie Water van die Lewe gekry het, Goddelike openbaringe van God soos hy daarbo onder die krag van God gesit het. Die openbaringe was 'n klein versteekte fontein, terwyl die res van hulle honger gely het. En God seën Sy diensknegte (daardie kraaie), hulle het hom iets gebring om te eet terwyl hy afgesonder was van die mense. En hulle het daaronder honger gely vir 'n herlewing en almal het tekere gegaan. [Leë kol op band—Red.] "Hoor niks meer van sy herlewings by. . . Waar is daardie ou eksentriek wat rondgaan en ons organisasies in die lug opblaas? Waar is hy nou?" Hulle het nie geweet nie. Hy het homself met God in 'n afgesonderde plek teruggetrek, waar hulle sy stem nie kon hoor nie. Toe het hulle begin sien.

100 Wanneer God 'n Boodskap voortstuur en die mense sê, en hulle Dit nie ontvang nie, dan trek Hy Sy dienskneg terug en stuur Sy plae: hongersnood, die dood (geestelik gesproke, fisies ook). Kyk vir 'n depressie, broer. Julle dink julle het iets gesien, wag net tot na 'n rukkie. Julle het niks gesien nie. Julle dink julle sterf vir 'n goeie geestelike herlewing, wag tot na 'n rukkie. Wag julle net, verlang en uitroep om die Woord van God te hoor. Die Bybel het so gesê! "Daar sal 'n hongersnood in die laaste dae wees," het die profeet gesê: "en nie net vir brood en water nie, maar om die ware Woord van God te hoor." Daardie stem sal stil wees, in die wildernis iewers, weggesteek.

101 Hy het die kraaie verordineer, Sy diensknegte. Geseënd sy daardie voëls, Sy diensknegte, wat die stem van—van Elía lewendig gehou het gedurende die tyd van sy—sy afsondering van die kerk. Die kraaie het hom soggens vleis en brood gebring, en vleis en brood saans, en hy het van die klein fonteintjie gedrink terwyl die res van hulle daaronder sonder enige geestelike voedsel en water gegaan het.

102 Toe eendag, na sonde oorgeneem het, en God Sy mense op hulle knieë gebring het. . . Isébel het alles geneem, sy het dit alles skoongevee, en sy sal dit weer doen! Dis SO SPREEK GOD SE HEILIGE BYBEL: "Sy sal dit weer doen." Sy is nou reg op die troon, agter die skynhoof; verdraai dit net soos sy wil, niemand gaan haar stop nie. Sekerlik, niemand gaan haar nou stop nie, want wat hulle nie in die godsdienstige kringe kon kry nie, dit het hulle alles by politiek ingeskakel, en daar het hulle dit gedoen. Uh-huh, dis presies wat hulle gedoen het. Wat, die politiese sal 'n boikot wees, presies net terug na die merk van die dier, so seker soos ek hier staan, sien, soos die Bybel gesê het.

103 Ek weet ons raak laat, ek sal gou maak. Ek moet hierdie laaste woord inkry, as die Here my sal toelaat.

104 Kyk! Elía het daarbo gebly tot God hom beweeg het. Hy het geen herlewings gehad nie. Hy het teen niks gepreek nie. Hy het net daarbo met God alleen gestaan, buite in die wildernis, want hy was 'n wildernisman. Hy is in die wildernis grootgemaak. So is Johannes in die wildernis grootgemaak.

105 Hy het in die wildernis alleen met God uitgegaan, van die kerk weggegaan nadat hy sy Boodskap gegee het. En die kerk het Dit verwerp, het Dit weggewys. En uiteindelik wou die organisasies niks doen nie, dus moes hy net vertrek. God het hom van die toneel af geroep, het hom daar uitgeneem in die wildernis in, het gesê: "Kom hiernatoe, hulle wil nie meer luister nie. Kom, dan gaan Ek My oordeel oor hulle werp." O ja, hy sal een van hierdie dae hier wees, kyk net.

106 Toe, na die dae van sy profesie, wat het gebeur? Die kerk het verswak, die groot verskrikking van Isébel, sy het hulle almal in haarself geneem, hulle almal ingesluk. Het hulle in haarself geneem, en bosse en al die res gebou.

107 Maar, eendag, het God hom weer uitgeroep! Hier kom hy uit. Luister nou goed, en moenie vir my kwaad word nie. Ek sê: "SO SPREEK DIE HERE!" Toe hy uitkom, wat het God gedoen? Hy het hom na 'n weduvrou toe gestuur. Sy het eenkeer 'n—'n man krag oor haar hoof gehad, maar dit het die dood geneem om haar vry te maak, sodat sy die profeet se Woord kon glo. Let julle dit op? Sy het 'n man gehad wat haar hierdie kant en daardie kant toe gelei het, in een van die skole daar. Maar gedurende hierdie groot droogte, is hy ingesluk, die dood het hom geneem. Sy was nie meer vas aan enige organisasie nie, dus was sy nou gereed om die Woord van die Here te hoor. 'n Vrou, beteken die Kerk; 'n weduwee, dat haar man (organisasie) gesterf het, en sy het net skaars gedink dat sy self aan die lewe is. En God het gesê: "Gaan nou af na haar toe, sy sal jou hoor, Ek het haar bevel gegee."

108 O, ons dink somtyds, julle klein groepie daar wat so getrou is en alles wat julle kon doen om 'n byeenkoms te hê, om aan die mense te probeer wys dat julle hart reg is en julle wil hê hulle moet regkom, julle dink julle het 'n swaar tyd. Maar, onthou, God het Sy oog op julle! Julle het Hom lief, ek weet julle het Hom lief, julle sou nie hier sit nie, julle sou nie enige so-iets bywoon nie. God het Sy oog op julle. Ja!

109 En toe hy het, haar man gesterf het, haar organisasie gesterf het, was sy dus nou gereed om die profeet se Woord te hoor. So toe die profeet na die hek kom en haar vir 'n—'n bietjie water gevra het, het sy gegaan om dit te kry. Toe het hy gesê: "Bring my 'n mondvol meel."

110 En sy het omgedraai en gesê: "So waar as die Here leef, ek het niks as net genoeg nie."

111 Nou, dit het gelyk asof hy gestuur is om die bietjie wat sy gehad het, te neem, maar dit was omgekeerd. Toe sy gewillig was

om te gee wat sy gehad het om die Woord te ondersteun, het God haar gevoed. En as jy gewillig is om te gee watter Gees jy wel het, watter Gees God jou gegee het in ondersteuning van die Woord, dan sal God jou lewendig hou. Halleluja! O ere aan God! Sien julle dit, kerk? Moenie dink ek is buite myself nie, ek is nie. Maar wat julle het, die bietjie wat jy wel in God glo, watter geloof jy het, plaas dit op die Woord, nie op organisasie nie! Sit dit in God se Woord, Hy sal jou aan die lewe hou.

112 Sy was toe gereed, want sy kon nie vantevore nie, want hulle wou haar nie toelaat nie. Maar nou is sy gereed. Sal sy dit ontvang? God het 'n profeet langs haar pad gestuur. Sal sy sy Woord ontvang? Sal sy hierdie profeet ontvang? Ja, sy het. En hy het haar vertel, gesê: "Nou, watter bietjie lewe jy het, plaas dit hierin, bring dit eerste na my toe." En wat het gebeur? Toe die res van die wêreld verswak het en van honger gesterf het, het sy en haar kinders en haar huisgesin almal drie goeie maaltye per dag geëet, Goddelike openbaring op die Woord. Ek hoop jy sien dit, vriend.

113 Wat het aangegaan? Hy het daar gebly tot die hongersnood oor was, het by hierdie vrou (hierdie Kerk) gebly wat hom ontvang het en sy Woord geglo het. En hy het haar aan die lewe gehou (het die Kerk aan die lewe gehou) deur die Woord van die Here, want hy het gesê: "SO SPREEK DIE HERE."

114 Nou, ons het nie tyd om die res van die storie uit te haal, julle weet, hoe hy tot 'n beslissende stryd met Baäl moes kom nie. Hy sal dit een van die dae doen, moet julle nie bekommer nie. Wanneer hy strompelend uit daardie wildernis kom, kyk wat dan plaasvind.

115 Wat het gebeur? Toe toe goeie, ou Elía, die profeet, 'n ware dienskneg van God, aan die einde van sy pad gekom het, het God hom eendag vertel, gesê: "Elía, jy het nou lank genoeg gepreek. Jy het Isébel beveg en al haar grimering en alles tot jy genoeg gehad het daarvan." Het gesê: "Kom af na die Jordaan toe!" En hier gaan hy, het onder by die Jordaan gekom. Daar kom die ou modderige stroom daar van ver af aan, koue, ysige water, soos elke mens in die oë moet kyk: Jordaan, die dood.

116 Maar toe hierdie groot dienskneg van God afgestap het na die Jordaan toe, en sy seun by hom gestap het, Evangelie seun, . . . O ja, hy was sy seun: "My vader, my vader, die wa van Israel en sy ruiters." Toe hy en sy seun arm-in-arm afgestap het na die Jordaan, het hy sy pappa daardie oggend sien vertrek.

117 Toe hy onder by die Jordaan gekom het, het hy daardie mantel van krag van sy skouers afgehaal, gesê: "Dood, jy kan niks aan my doen nie." En hy het die Jordaan geslaan: "Gee pad, ek gaan vanmôre oor." Wat het gebeur? Sy het terugbeweeg en opgedroog soos poeier. Wat het die ou profeet gedoen? Hy het oor die Jordaan gekyk, hy het geweet daar was 'n wa wat vir hom daar wag met

die perde. Hy het huis toe gegaan, sy werk was verby. Sy seun in die Evangelie het sy plek ingeneem.

118 Ek het nou die dag huis toe gekom van die Weste af. Dit kom by my op. Ek het die radio aangeskakel (ek moes drie dae lank, vier-en-twintighonderd myl, ek alleen, bestuur). Ek het die radio aangeskakel en ek. . .het gesange uit Del Rio, Texas, gehoor. Daar was 'n man wat 'n praatjie gegee het oor 'n ou, gekleurde, negerman. Hy was op die punt om te sterf en hy moes afgaan na die rivier toe, hy het gesê: "Daardie goue pantoffels wat ek gaan dra, om die goue strate te bewandel." Hierdie ou neger het sy hele lewe lank gepreek, en die enigste ding waaraan hy kon dink as vertroosting, wat hy gehad het, was sy ou banjo wat teen die muur gehang het. Hy het daar op die katoenbale gesit en gesange gespeel, het homself laat rus van sy bediening, met die ou banjo. Dit was die manier wat hy gehad het, om te ontspan. Hy het gesê die ou stompstert perd waarmee hy gewoonlik gery het, sal daaronder met die wa wees. Ek het aan hulle gedink. Hy het gesê: "Daardie goue pantoffels wat ek gaan dra, om die goue strate te bewandel."

119 En toe hy klaar gesing het, het ek die radio afgeskakel. En het daar gegaan, die wiel vasgehou. "O, dis reg. Ek moet ook daar kom. Wat het my ooit vertroosting gegee? Waar vind ek my vertroosting in die wildernis?" Ek het 'n klein, ou geweertjie wat genoem word. . .Ek jag daarmee in die herfs. Dis 'n.270, model 721, Remington. 'n Man, broer, het dit vir my in Kalifornië gegee, jare gelede. Ek het vir jare en jare daarmee gejag. Hoe. . .wat 'n vertroosting was dit gewees, want ek—ek weet dis 'n goeie skietgeweer, dis my vertroosting in die wildernis.

120 Toe het ek aan my visioen gedink. Toe ek daar oorkant gekom het en al my mense gesien het, het ek iets hoor runnik, en hier kom my klein Prins (my klein saalperdjie) en sy kop op my skouer gesit. Ek het gedink: "Ja, een van hierdie oggende kom ek ook af, na die Jordaan, toe." En die ou.270 wat ek gewoonlik. . .hang teen die muur. Het dit nog nie af gehad vandat weg was, verlede herfs nie. "Daardie klein saalperdjie wat ek gewoonlik gery het, sou God aan my wa gehaak het, op daardie oggend wanneer ek afkom na die rivier toe." Dit sal net daar oorkant die rivier staan. God sal hom stuur, ek het hom nou die aand gesien. Hy sal aan my wa vasgehaak wees, een van hierdie oggende. Ek sal weg wees, opklim deur die wolke.

Laat ons bid.

121 O, na daardie krag van God wat ek gaan geniet soos ek daardie goue strate bewandel! Ja, die ou geweer wat nou teen die muur hang, sal nie meer enige doel daarvoor hê nie. Ek wonder, as my wa aankom, of my klein saalperdjie wat ek in 'n visioen gesien het aan my wa sal ingespan wees, daardie oggend, en onder by die rivier staan. Ek hoop hy is. Ek wil opgeraap

word. Ek wil hê die Kerk moet ook so opgaan, ek wil hê elkeen van julle.

122 Sou jy graag wou weet wanneer jy na die Jordaanrivier toe afkom? Sal jy hierdie ongoddelike stelsels van hierdie wêreld versaak en Jesus Christus as jou Verlosser aanneem? As jy nie 'n Christen is nie, sal jy jou hande opsteek en sê: "Bid vir my, Broer Branham. Wanneer ek by die Jordaan kom, . . . ?" God seën jou. God seën jou. "Wanneer ek onder by die Jordaan kom, wil ek die krag van die Heilige Gees op my neem en die koue waters slaan, en oorstap."

123 Hoe kan julle sit onder sulke prediking, salwing van die Heilige Gees, en wetende dat die Heilige Gees vir my julle toestand vertel en nalaat om julle hand op te steek? Dit wys dis tyd vir die wildernis reis! Sou daar een wees voor ons bid, nog een? Daar's twee wat hulle hande opgesteek het; drie, God seën jou, seun.

124 Ons Hemelse Vader! Drie; dit sal wonderlik wees, Here, as hulle—hulle net daar is op daardie dag. Ek bid dat hulle sal, Here. Hulle het hulle hande opgesteek omdat hulle oortuig is dat hierdie wêreldse stelsels aan die sterf is, en die stemme van God se Woord spoedig 'n skaars ding sal wees om te vind, God dit sal wegneem van die Kerk. Die geroep, die roep van die Bruidegom sal spoedig weggaan en die Isébel-stelsel sal dit versmoor. Maar hulle wil hê . . . lewe by daardie versteekte fontein soos Elía aan die lewe gehou moes word deur die tyd van hongersnood. God gee hulle die Heilige Gees nou, vul hulle harte met vreugde en vrede, en plaas hulle gedagtes op God se Woord dat hulle nou en hierna kan lewe, ewig. Seën hulle, Vader. Hulle is Uwe, deur Jesus Christus onse Here.

Met ons hoofde gebuig:

125 Diegene wat hulle hande opgesteek het en Christus wil aanneem, sal julle net op julle voete staan, net 'n oomblik, terwyl ek indiwidueel vir julle bid? Staan net op julle voete.

126 O God, het ek misluk? Selfs die drie wat hulle hande opgesteek het, sonder oortuiging om op hulle voete te staan om die einste ding aan te neem wat hulle gedoen het. Here Jesus, ek vertrou dit alles toe in U hande. Ek het U Woord gepreek, en niks toegegee nie. Nou laat ek—ek die huis aan hulle, Vader. Doen U wat ook al gepas is met beide kerk en U dienaar, dis alles in U hande.

127 Vader, ek bid dat U die verlorenes sal red, die honger harte met goeie dinge sal vul, gee die Ewige Lewe aan hulle wat dors, rig U dienaars op om die Boodskap te verkondig, gee genesing aan die siekes en beproefdes, verkry eer vir Uself, want ek vertrou myself aan U Woord. En in my hand, en in my hart, en in my verstand, skryf U Wette, deur Jesus Christus ons Here. Amen.

Wanneer ek by die rivier kom aan die einde van die dag,
Ek sal dit nie sing nie.
En dit lyk of my vriende almal weg is;
Sal daar Iemand wees wat wag wat vir my die weg sal wys,
Ek sal nie die Jordaan alleen hoef oor te steek nie.

128 Het jy gebedskaarte uitgegee, Bill? Ek voel swaar. Wat het jy vandag uitgegee? B? Jy het A's ook uitgegee, het jy nie? Goed, roep hulle. B's eerste, een tot . . . Gebedskaart B, nommer een. Ons gaan vir julle siekte bid. B, nommer een, wie het dit? Gebedskaart B, nommer een, iemand ver weg, agter. Kom hiernatoe, dame. B, nommer twee, steek op jou hand. Daardie dame? Nommer drie. B, nommer drie, sou jy jou hand asseblief opsteek, sodat ek kan sien waar. Drie? Nommer vier, B, nommer vier. B, nommer vyf. Sou jy jou hand asseblief opsteek, B, nommer vyf. Daardie man? Goed, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Wel, hier, laat al die B's opstaan, in elk geval. Net . . .

Daardie . . . [Leë kol op band—Red.] . . . het in die hele wêreld ingegaan, elke sendeling op die veld, waar hulle ook al kan.

129 Alle gebedskaarte B staan op, en neem julle plek in volgens julle nommers.

Nou, wat was die volgendes? A? Wie het gebedskaart A, een? A, een, waar is dit? Sekerlik is dit hierbinne. A, een? Dit is vir twee dae lank uitgegee, of drie nou, so hulle mag dalk nie hier wees nie. Almal met gebedskaart A, maak julle nou 'n ry hier oorkant. Gaan reg oorkant toe teen die muur, eerbiediglik.

130 Ek wil met julle sonder gebedskaarte praat, net 'n oomblik voor die ry begin.

131 Nou, met jou gebedskaart, hou dit in jou hande sodat die seuns jou gebedskaart kan ontvang. Jy het gewag, jy het vroeg in die aand gekom om jou gebedskaart te kom haal, en het 'n reg om in die ry te kom. Ek het julle belowe, om vir julle te bid. Nou sal ek probeer om my belofte na te kom, met God wat my help.

132 Is dit jou klein seuntjie? Baie oulike klein mannetjie. Vergewe my asseblief. Hierdie vrou hier is 'n goeie tipe van 'n ware Amerikaner. Haar klein seuntjie, klein oorpakkie en gestreepte baadjie. Jong vrou met lang hare, trek mooi aan. God seën haar en haar huis, en haar man, haar geliefdes. Dis regtig eg V.S.A., met "Christenskap" bo-oor geskryf. Lank mag ons land so wees! Vergewe my, klein dametjie, deur dit te sê, maar ek net . . . sodat mense kan sien wat ek dink soos 'n Christen lyk; geen grimering nie, wat die goed is, net dame.

133 God seën jou, Broer Sullivan.

134 *Die Groot Geneesheer*, as jy sal.

Die Groot Geneesheer is naby,
Die liefdevolle Jesus.

135 Glo julle in Hom? Glo julle dat Hy die Groot Geneesheer is? Wees nou net 'n oomblik eerbiedig. Ons het nog 'n bietjie tyd, ek het die boodskap net 'n bietjie kortgeknip. Ek hoop, egter, julle het dit begryp, wat bedoel was. Glo net met jou hele hart. Hulle word almal opgestel, iemand daaragter om die mense gegroepeer te kry. Goed? Ekskuus? Nou, almal wat gebedskaarte het, staan reeds.

136 Glo julle sonder gebedskaarte daar ook? As julle sal geloof hê, sal God *jou* roep. Nou, al die gebedskaarte in die ry.

137 Daardie klein meisietjie wat daaragter sit, met 'n seer been, hierbo op hierdie . . . Glo jy dat God dit sal gesond maak? As jy sal, hê net geloof en God sal dit aan jou skenk.

138 Dink jou siek vader sal regkom? Jy glo, kan jy dit hê.

139 Wat van jou daar wat vir jou broerskind bid met 'n senuweetoestand? Dink jy God sal hom gesond maak? Dame, wat daar sit, as jy dit sal glo, kan jy dit hê.

140 Gaan almal van julle glo?

141 Nou, ek wil . . . Hoeveel van my broers is hier, Evangelie predikers, Volle Evangelie predikers of wat hulle ook al is, wat in Goddelike genesing glo? Steek julle hande op. Ek sou graag dat hulle hiernatoe kom en my help bid vir hierdie mense, sodat die mense kan sien dat dit nie net ek is wat vir die mense bid nie, julle kan ook. Kom hier en staan op die verhoog by my. Sal julle, broers, julle predikers? Kom net hier en staan net saam op die verhoog. Dis goed. Dankie, broers. Dankie. Kom net vorentoe, broers, kom.

142 Ekskuus? [Iemand sê: "Kan ons 'n dubbele ry hier maak?"—Red.] Ja, julle kan. Maak 'n dubbele ry net hier, sal goed wees. Dis goed. Draai nou hierdie anderkant toe, broers. Draai hierdie kant toe om, ek gaan die mense hier regdeur bring. Nou, kom party van julle aan hierdie kant van my, reg hier in, as julle sal, staan rondom hierdie kant. Dis reg.

143 Nou, aan die gehoor, sien julle hierdie wonderlike manne hier? Hulle is manne wat reg hierbo sal staan, en vir dieselfde Evangelie staan wat ek preek. Sien? Hulle kom hiernatoe, want hulle glo Daarin. Nou julle behoort trots te wees op julle pastoor wat homself hier sal wys op hierdie verhoog hier, harde, sterk prediking. Hierdie is manne wat 'n openbaring het, wat weet dat . . . nie dat ek teen die manne is nie, soms raak ons gehaak in stelsels wat ons maak . . . Daardie stelsels is waarteen ons is; nie die man, God se dienaar, nie.

144 Nou, as ons vir elkeen hier onderskeiding gehad het, hoe lank dink julle sou ek hier wees? Ek sou inmekaarsak wanneer ek omtrent . . . na omtrent ses, vyf of ses, tien; bietjie meer, dalk half,

kwart van die ry gekry het, ek sou weg wees, die res van hulle sou nie voor gebid word nie. Ons kan dit nie doen nie. En as dit . . . maar julle hoef dit nie te hê nie. Jy weet wat jou probleem is. Jy weet wat jy gedoen het, bely nou jou sondes. As enige van julle daar een spikkel twyfel in jou hart het, vat dit nou dadelik weg, en sê vir God om jou te vergewe. As jy nie reg is met God nie, sê vir God om jou te vergewe. As jy dit nie doen nie, en jy is nie reg met God nie, sal dit jou niks baat om hierdeur te kom nie. Jy mors net jou tyd. Dit is waar. Nou, is dit reg, broers? [Broers sê: "Amen."—Red.] Dis reg.

145 Kyk hier. Hier staan Broer Kidd hier. Ek het byna die bande van my motor afgery om by hom te kom, omtrent 'n jaar of twee gelede, om . . . Hy was aan die sterf van kanker, sou daardie dag sterf. Sy vrou het my vertel, het gesê: "Maak gou!" Gesê: "Hy is nou sterwende." Toe ek daar kom, het die Here hom genees. En hier staan hy nog steeds. Ek dink hy het *soveel* gewig opgetel en alles. 'n Ou veteraan, terug, weet julle. Dit was die soort man van wie ek gepraat het, jare gelede, wat gepreek het; en reg op daardie Woord gelê het, en die mense het vir hom gelag. En hy en sy vrou het die spoorlyne gestap en al die res, en ver bo in die berge, en steenkoolmyne, en uitgejaag, en in die tronk gegooi, en alles anders. Dis die man wat geveg het om die prys te bekom, dis die soort.

146 Nou, broers, ek sê vir julle, julle sou heel moontlik nie die gees van onderskeiding hê nie. Dit hoef nie te wees nie, sien, dat—dit is nie nodig nie. Die eerste ding, julle is 'n man van die Woord. Julle is by verre beter, 'n meer predikers as wat ek is, want ek is—ek is nie veel van 'n prediker nie. Maar ek . . . maar julle is—julle is gesalf, enige man wat geroep is om die Evangelie te preek is geroep om die siekes te genees; die algemene bevele is: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom. Dié wat glo en gedoop word, sal gered word. Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg. Op siekes sal hulle die hande lê, sovoort, en hulle sal gesond word." As jy geroep is om 'n prediker te wees, is jy geroep om vir die siekes te bid.

147 En waarom ek dit doen, is sodat hierdie gehoor . . . dat hulle mag sien dat hulle nie hoef te wag vir een of ander spesiale persoon, Oral Roberts, Tommy Hicks, Tommy Osborn, ekself, iemand wat verbykom vir 'n genesingsdiens nie. Ek wil hê hulle moet sien dat julle manne van God is. Sien? Jy is 'n man . . . Net soveel reg om hande op enige van hulle te lê as—as ek of enigiemand anders. Trouens, broers, julle weet almal as-as predikers, dis hulle eie geloof in God wat die werk doen. Is dit reg? Ons bid net 'n gebed vir hulle.

148 Nou sê julle: "Broer Branham, is die Gees van die Heilige Gees daar met jou?" Sekerlik. Ja, meneer!

149 Nou aan julle in die geh-. . . in die ry daar, as jy met jou hele hart glo dat God jou gaan genees, steek jou hand op, sê: "Ek sal dit aanneem."

150 Nou, kom hier, laat hierdie—laat hierdie dame hier kom. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie. As die Heilige Gees my sal sê, sodat my broers hier, in die teenwoordigheid hier soos hierdie, sodat hulle almal hier rondom my staan. En nie net dit nie, my broers is hier, en my Here is hier. Dis hulle Here ook. Nou as Hy my iets sê wat met jou verkeerd is, wat ook al met jou verkeerd is, sal jy weet of dit die waarheid is of nie. Ek wil hê hulle, ek wil hê die gehoor, ek wil hê die mense daarbuite moet sien dat die Heilige Gees hier by die verhoog is om onderskeiding te gee, maar dit genees niemand nie. Maar as Hy my iets omtrent jou sal sê, wat jy weet ek niks van weet nie, net soos dit die vrou by die put was. . . Nie dieselfde soort geval nie, maar ek bedoel 'n man en vrou wat vir die eerste keer ontmoet. Jesus, soort van 'n middeljarige man, en hierdie vrou was heel moontlik 'n jong vrou, dalk soos jy.

151 En as Hy sal, my kon sê waarvoor jy hier is, jou probleem, sou jy glo dat dit Sy Gees sou moes wees wat dit sou doen? Glo julle broers dit? Dat dieselfde Here Jesus hier staan? Julle gehoor glo dieselfde ding? Sou julle in die gebedsry dieselfde ding glo, en weet dat hierdie manne. . . ? Sou ek hulle hier na boontoe roep, as ek gedink het hulle is nie. . . ? Na sulke prediking, en die dinge te sê wat ek het, en dan manne hier na boontoe te roep wat nie waardig is nie? Ek sou dit nie doen nie. Ek sou die einste ding waaroor ek veg, verydel. Sien? Ek glo in hulle. Ek glo hulle is manne van God.

152 Kyk nou of die Heilige Gees naby staan. Net om met jou te praat, probeer ek. . . Jy sê: "Wat doen jy, Broer Branham?" Dieselfde ding wat Jesus met die vrou gedoen het, gesê het: "Bring vir My water om te drink," Hy het net probeer om vir 'n oomblik met haar te praat, uit te vind wat haar probleem was.

153 Jou probleem is senuweeagtigheid, dis waaraan jy ly. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, sy lyk beslis nie so nie. Lyk sy so, broers? Sy lyk nie so nie, maar dis wat haar probleem is. Sy is al 'n lang tyd so. Gaan altyd die bobbejaan agter die bult haal, ensovoorts. Dis waar. Dis jou samestelling, net so gemaak, senuweeagtig; dink altyd iets is op die punt om te gebeur; dit gebeur nie. Soms sê die Duiwel vir jou: "Daar is niks Daaraan nie, jy is net teruggeval, jy is oor die lyn." Ek lees nie jou gedagte nie, maar ek lees wat is. . . Ek weet waaroor hy met jou gepraat het, want ek sien wat het oor jou gedagte gegaan.

154 Nou, Jesus het hulle gedagtes onderskei. Is dit reg? Wel, dis wat nou net gebeur het. Is dit reg? Hier, laat my jou iets vertel wat jy mag weet. Jy staan eintlik hier vir iemand anders. Dis reg. Dis die ding, julle sien, jy kon dit nie agterkom tot toe nie.

Nou, as die Here aan my sal openbaar waarvoor jy hier staan, vir iemand anders, sal jy my glo om Sy profeet te wees? Dis vir jou moeder. Glo jy God kan my sê wat haar probleem is? Wel, sy het hartprobleme, hoë bloeddruk, galstene, komplikasies. Dis reg. Nie waar nie? Sien? Nou, dis die Heilige Gees. Nie waar nie?

155 Nou, daar is iets hier op my en op hierdie broers. Sien? Iets nou hier, die Heilige Gees. Nou, glo jy; jy, soos ons deur die ry gaan.

Laat ons almal ons hoofde buig terwyl ons vir hierdie mense bid.

156 Nou Hemelse Vader, ons gaan hande lê op hierdie mense. En ek bid nou vir hulle. Hier is U koninklike diensknegte wat hier staan, en ons gaan almal hande op die siekes lê, want U het gesê om dit te doen. Ons gaan dit in die Naam van Jesus Christus doen. Mag die mense nie net deursleep nie, maar mag hulle deur Jesus Christus se Naam genees deurkom. Amen!

157 Die Here seën jou. Stap nou dadelik nader.

In die Naam van die Here Jesus, genees. . . In die Naam van die Here Jesus, genees my broer. In die Naam van die Here Jesus, genees my suster.

158 Nou, net—net 'n oomblik, sien. Broer, suster, waarom is dit dat julle bly word toe daardie vrou, toe die onderskeiding plaasgevind het, en toe die ander deurkom, word daar niks gedoen nie? Mense gaan deur: "Wel, as ek nie. . . onderskeiding kry nie, wel, dan het ek niks gekry nie." Dit het niks daarmee te doen nie, Hy is in elk geval hier. Sien?

159 Wanneer jy hier deurgaan, kom met jou hande op, sê: "Dankie, Here Jesus. Ek neem U as my Geneesheer aan, en ek gaan net dadelik daarmee weg. Een van hierdie manne gaan my doop, ek gaan reguit in die bad water in en word gedoop, en kom uit en weet dat U belowe het dat ek die Heilige Gees sou ontvang."

160 Sien, dit. . . Die onderskeiding is nog hier. Dis nog hier, net dieselfde as. . . Hier, watter is dit? Hierdie man hier? Ek is 'n vreemdeling vir jou. Is ek, meneer? Ek ken jou nie. Kan. . . as God my sal sê wat jou probleem is, sal jy my glo om Sy profeet te wees, Sy dienskneg? Sal jy met jou hele hart? Goed, meneer. Dankie, meneer. Dis 'n baie goeie gees, 'n baie goeie ding. Trouens, jy staan hier vir iemand anders. Dis reg. "Dis jou kleinkind, het polio, het nou die dag geval en die been gebreek," dis SO SPREEK DIE HERE! Is dit reg? Dis reg! Gaan en glo nou, en hy sal gesond word.

161 Nou, kom gelowig, net almal, kom net. [Broer Branham en die predikers bid vir die siekes in die gebedsry—Red.]

Geseënd sy die band wat
Ons harte in Christenliefde bind;
'n Gemeenskap van eensgesindheid
Is soos dié van bo.

Hier voor ons Vader se troon,
Giet ons ons vurig' gebed;
Ons vrees, ons hoop, ons doel is een,
Ons troos en ons sorg.

162 Ons staan oor, God se klein, kreupel kindertjies, blind, verwronge. Predikers van die Evangelie, julle weet ons het geen krag om te genees nie. Maar ons Groot Here Jesus Christus stuur hierdie tekens en veroordeel die Duiwel wat jou gebind het. Ons veroordeel die Duiwel . . . ? . . . Ons veroordeel die blindheid . . . ? . . .

163 In die Naam van Jesus Christus die Seun van God, vra ons dat God hulle geloof sal skenk om te glo dat die gebed van geloof die sieke gered het, en God hulle sal oprig, en hulle sal weer gesond wees. Skenk dit, Almagtige God, deur Jesus Christus se Naam.

164 Nou, stap julle broers weg daarvanaf . . . ? . . .

165 Al die res van julle bly nou in gebed, terwyl ons . . . die predikers bid vir hulle, ook, nou. Ons bid, lê hande op.

166 Hemelse Vader . . .

Aan julle daar in die gehoor wat nie in die gebedsry gekom het nie, lê julle hande nou op mekaar. Lê julle hande op mekaar.

167 Ons Hemelse Vader, ons bring U hierdie gehoor soos ons hierdie diens en hierdie veldtog afsluit onder die vaandelskap van Jesus Christus, die groot gesalfde Hoëpriester van God, Emmanuel, wat staan, opgestaan het uit die dood, altyd lewe om voorspraak te maak; Sy groot Teenwoordigheid nou met ons, Sy heilige Krag op ons om ons te laat visioene sien, profeteer, hande op die siekes te lê. God se onfeilbare Woord kan nooit leeg na Hom toe terugkeer nie. Ek veroordeel elke duiwel van siekte, elke mag van sonde, elke ongeloof, in die Naam van Jesus Christus, mag dit van die mense af uitdryf en mag hulle gesond wees.

168 Seën hierdie predikerbroers, Here, soos hulle byeenkom met een hart en eensgesindheid, en al die leke van die kerk. O Almagtige God, vir hierdie groot Middletown, Ohio, stuur 'n herlewing hiernatoe, Here, wat van kant tot kant sal swiep, 'n bymekaarkoms van bene, Here, en senings van vel. En mag die krag van God 'n magtige eensgesinde kerk hier in die stad oprig wat sal swiep, 'n voorbeeld kerk, oor die hele nasie, dat mense hierdie stad kan binnekom om die krag van God te sien. Skenk dit, Here. Genees die siekes en beproefdes, red die verlorenes, en ontvang eer vir Uself.

169 Skenk dit, dat al hierdie sakdoeke en klein pakkies wat hier lê . . . Ek bid Here, dat die Heilige Gees op ons, en in hierdie gebou

ons salf, mag elkeen van hulle gesond wees. Dit is in die Bybel geskryf dat toe Israel op die pad van diens was, op hulle pad na die beloofde land, dat die Skelfsee in die pad gekom het. En een van die skrywers het gesê: "God het afgekyk deur die Vuurkolom en die Skelfsee het bang geword en terugbeweeg, en Israel het na die beloofde land gegaan wat belowe was."

170 En nou, dis in die Bybel, daar staan geskrywe: "Ek sou bo alle dinge dat julle in gesondheid toeneem." En wanneer hierdie sakdoeke aankom by die mense, waar Satan 'n Skelfsee voor hulle gelê het, mag God deur die Bloed van Sy eie Seun, Jesus Christus afkyk, en elke siekte veroordeel van hulle wat nie hiernatoe kon kom nie; en mag die siekte weggaan en bang wees vir God se Woord en God se belofte en God se salwing, en mag die mense oorgaan in daardie goeie belofte van goeie gesondheid en sterkte. Skenk dit, Here. En ons wy alles daarvan aan U, in die Naam van U liefdevolle Seun, ons Verlosser Jesus Christus. Amen.

171 Gehoor, aan Hom wat ons almal ken, aan Hom wat ons opgerig het om Sy erfenis in hierdie wêreld te wees, in Sy kerk, mag God se ryke seëninge op julle almal wees tot ons weer ontmoet. Ons volgende diens, sover bekend, sal by die tabernakel wees, Sondagoggend, Paas Sondagoggend. Dan gaan ek na . . . vandaar oor na Illinois toe. Wees geseënd, woon julle kerke by, woon hierdie wonderlike kerke by, hou julle harte bymekaar. Bly by God se Woord! Lewe vir Hom, want verskriklike dinge lê vir julle voor, onthou dit!

172 Tot ons weer ontmoet, laat ons staan en sing,

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het.
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

173 Nou, eerbiediglik, skud hande met iemand agter jou, voor jou, en langs jou.

Ek het Hom lief, . . . (almal, nou) . . . Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

174 Nou, met julle hande op na God toe, heel hard nou, almal laat dit klink.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

175 Laat ons nou ons hoofde buig.

Weer ontmoet, weer ontmoet,
Weer ontmoet aan Jesus' voet;

Onthou, baie van ons sal nooit weer ontmoet tot dan nie.

Weer ontmoet, weer ontmoet,
God sy met jou tot ons weer ontmoet.

176 Neurie dit nou. [Broer Branham begin *Weer ontmoet* neurie—Red.] Julle pastoor.

Isébel Godsdiens AFR61-0319
(Jezebel Religion)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 19 Maart 1961, by die National Guard Armory in Middletown, Ohio, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org